

Ter herinnering aan
Jacobus Johannes Potgieter
en al die onskuldige moeders
en kinders wat in die
Pietersburg konsentrasiekampkerhof
begrawe lê

Inhoud

'n Kort oorsig van die oorlog	3
Oorsake van die oorlog	3
Die ultimatum	3
Die Boere offensief	3
Boer suksesse	3
Die Britse opmars	4
Die tweede fase	4
Die Britse antwoord	4
Die konsentrasiekampe	4
Vrede van Vereeniging	7
Soutpansberg kommando	8
Die Noordelike grens	8
Modderrivier tot Paardeberg	9
Die stryd in Natal	10
Generaal Christiaan Beyers en die stryd in die Noorde	11
Pietersburg konsentrasiekamp	13
Oprigting	14
Inbring van vroue en kinders	14
Toestande in die kamp	14
Verskuiwing van die kamp	16
Bevolkings getalle in die kamp	16
Sterftes in die kamp	17
Die naamlys van sterftes	18
Onaangetekende grafte	18
Die kamp ná die oorlog	19
Ere rol	21
Bronne	28

Graag wil ek my dank betuig aan die Pietersburg/Polokwane Plaaslike Oorgangsraad vir die hulp en bystand wat hulle aan my verleen het met die navorsing.

‘n Kort oorsig van die oorlog

Oorsake van die oorlog

Sedert die ontdekking van goud aan die rand was die Transvaal oorstroom deur fortuinsoekers vanuit Europa. Swak toestande aan die rand het aanleiding tot baie griewe gelei en verhoudings tussen President Paul Kruger en die “Uitlander” het gou versleg. Toe die Uitlanders begin aandring op stemreg in die Transvaal het Paul Kruger sy voet neergesit. Die Uitlanders het die Transvaalse burgers in getalle oortref en Paul Kruger het gevrees dat hulle die regering van die Transvaal sou oorneem indien hulle stemreg sou kry.

In 1895 het die Uitlanders in opstand gekom en ‘n poging tot ‘n militêre oornamewas deur Jameson gelei, met die ondersteuning van Cecil John Rhodes, die Eerste Minister van die Kaap Kolonie. Alhoewel deur die Transvaalse magte die opstand maklik onderdruk het, het sake daarna net versleg. Verskeie pogings tot vreedsame onderhandeling het daarna skipbreuk gelei. Milner was vasberade om alles in sy vermoë te doen om seker te maak dat die ryk goudvelde van die Transvaal in Brittanje se hande sou val.

Die ultimatum

Nadat onderhandelinge om stemreg aan die Uitlanders te verleen nie die gewenste resultate opgelewer het nie, het Lord Milner Britse magte na die Kaap Kolonie laat kom en sy magte op die grens met die Transvaal versterk. Paul Kruger het op 9 Oktober 1899 ‘n ultimatum aan die Britse Koningin gestuur, waarin hy dit duidelik gestel het dat hy hierdie opbou van magte as ‘n daad van aggressie beskou en, indien die magte nie onmiddellik terug getrek word nie, sal hy dit as ‘n verklaring van oorlog beskou. Nadat Brittanje geweier het om verder oor die saak te onderhandel, is oorlog op 11 Oktober verklaar.

Die Boere offensief

Die Vrystaat het in bondgenootskap met die Transvaal opgetree. Die gesamentlike magte het hulle aanval op vier verskillende fronte toegespits. Eerstens is magte na die noordelike grense van die Transvaal gestuur om aanvalle vanuit Botswana en Rhodesië af te weer. Tweedens is magte na Mafikeng gestuur om die Britse magte daar buite aksie te stel. Volgens is groot hoeveelhede burgers na Kimberley gestuur om die stad van Kimberley te beleër en om die Britse magte vanuit die Suide te stuit. Laastens is ‘n groot mag na Natal gestuur om die opmars van Britse soldate vanaf Durban te stuit. Die stede van Mafikeng, Kimberley en Ladysmith is deur die Suid-afrikaanse magte beleër, maar nie een van hierdie stede kon ingeneem word nie.

Boer suksesse

Binne die eerste vier maande van die oorlog het die Boeremagte groot suksesse behaal. Nadat die Britse opmars vanuit die Kaap Kolonie die Boere by Belmont, Graspan en Modderivier terug gedryf het, het die Boere ‘n geskiedkundige oorwinning by die slag van Magersfontein behaal. In dieselfde week as die slag van Magersfontein is die Britte by Stormberg en Colenso ook ‘n verpletterende neerlaag toegedien.

Die Britse opmars

Na die aanvanklike suksesse deur die Suid-afrikaanse magte het die Britte baie versterkings ingevoer. Die uiteindelijke Britse magte was byna 450,000 man sterk, teenoor die ongeveer 55,000 burgers van die Transvaal en die Vrystaat. Met hierdie geweldige oormag het die Britte eers die stede van Kimberley en Ladysmith bevry. Die Boere is 'n baie gevoelige nekslag toegedien by die slag van Paardeberg, waar ongeveer 4,000 burgers gevange geneem was. Ná die bevryding van Kimberley en Ladysmith het die Britte hul opmars voortgesit en eers Bloemfontein en daarna Pretoria op 5 Junie 1900 beset.

Die tweede fase

Die verlies van die Republieke se hoofstede het egter nie die oorlog tot 'n einde gebring nie. Die Boere het hul taktiek verander en 'n guerrillaoorlog begin voer. Die kommando's het met meer ywer en deursettingsvermoë verder geveg. Die Boeremagte is baie meer beweeglik gemaak deur die groot treine waens agter te laat en die oorlog verder gevoer met net hul perde en hul Mausers. Die Boere het nou vanuit die huise geveg. Hulle het niks kos saamgedra wanneer hulle op hul strooptogte uitgegaan het nie. Om so beweeglik as moontlik te bly het hulle slegs die wapens wat hulle kon dra saamgeneem op veldtogte en daarna weer na hul huise toe terug gekeer vir die aanvulling van ammunisie en kos.

Die Britse antwoord

Aan die einde van 1900 het die Britte het na 'n plan begin gesoek om die oorlog te beëindig. Die koste van die oorlog het nou in die miljoene begin hardloop en het 'n verleentheid vir Brittanje word.

Kitchener het gereken dat hy die Boere se verskaffing lyne sou moes afsny as hy die oorlog wou beëindig. Verder wou hy ook die moraal van die vegtende burgers afbreek. Sy plan was eenvoudig. Hy het die Boere van die plase verdryf deur die plase af te brand en die families bymekaar gemaak. As deel van sy plan het hy die swartes bewapen om die families op die plase aan te val en te plunder.

Die konsentrasiekampe

Die Britte het aan hierdie families "beskerming" aangebied. Hulle het al die vroue en kinders bymekaar gemaak en hulle in konsentrasiekampe geplaas. Die konsentrasiekampe is reeds in 1900 deur Veldmaarskalk Lord Roberts, toe die Britse hoofaanvoerder, gestig, en later deur sy opvolger, Generaal Lord Kitchener, uitgebrei. Konsentrasiekampe was orals oor die land opgerig. Kitchener het nie veel tyd gemors met die beplanning van die kampe nie. Rantsone was minimaal en elke kamp het net een dokter gehad.

Die eerste twee kampe was gestig deur 'n militêre kennisgewing op 22 September 1900, by Bloemfontein en Pretoria, om beskerming te verleen aan die families van die Boere wat vrywillig oorgegee het. Daar was uiteindelik ongeveer 50 kampe, waarin ongeveer 110,000 blankes en 107,000 swartes aangehou was. Siektes, in besonder masels, het in die kampe uitgebreek gedurende 1901 en aangesien daar onvoldoende doktors en mediese hulp was, het die dodetal in die kampe skokkend hoog geraak. Die hoogtepunt in die dodetal was in Oktober 1901, toe daar 326 per duisend, per jaar in

die Transvaalse kampe, en 401 per duisend, per jaar in die Vrystaatse kampe omgekom het.

Aanvanklik het Kitchener die konsentrasiekampe verdeel in vier klasse. Eerstens vir die families wat oorgegee het, of wat ingebring was vir beskerming, tweedens ter beskerming van die families wat as informante opgetree het, derdens vir diegene wie se plase as basis kampe deur die Britse magte gebruik was, en laastens vir diegene wie se plase as opslagplekke deur die Britte gebruik sou word.

Hierdie onderskeidings sou binnekort mee weggedoen word, en families van vegtende Boere was ook ingebring en Boere wat self oorgegee het, is ook in die kampe aangehou.

Afsonderlike kampe was vir die swartes gehou. In sommige gevalle was swart bediendes toegelaat om by hulle werkgewers te bly, maar gewoonlik was hulle in lokasies langs die kampe aangehou. Swart mans het as arbeiders of wagte gewerk.

Toe Engeland berigte ontvang het van die omstandighede in die kampe, het Kitchener die berigte botweg ontken. Die Britse publieke opinie en 'n verslag van 'n kommissie wat deur die regering aangestel was, het sekere verbeterings in die administrasie van die kampe afgedwing, en die oordrag van beheer oor die kampe van militêre hande na siviele hande het ook gehelp. Altesame het 'n geskatte 27,927 blankes, waarvan 1,676 hoofsaaklik ouer mans, 4,177 vroue en 22,074 kinders onder 16 jaar, asook ongeveer 14,154 swartes, gesterf as gevolg van die swak ligging, swak administrasie van die kampe, onvoldoende rantsoene en siektes.

Alhoewel menigte glo dat Kitchener sorgvuldig die mees afgryslike plekke uitgesoek het om die kampe op te rig, is dit in die algemeen aanvaar dat nie veel dinkwerk in die beplanning van die kampe ingegaan het nie en die ligging daarvan was glad nie werklik hoog op die lys van prioriteite gewees nie. Aanvanklik het die Britte gebruik gemaak van bestaande fasiliteite en geboue om huisvesting aan die gevangenes te verskaf. Hierdie fasiliteite het gou onvoldoende geraak en die kampe moes verskuif word.

Soms het die keuse geval op 'n plekkie wat uit die pad was en nie lastig vir die oorlog aktiwiteite sou word nie, maar die meeste van die tyd het die keuse op enige oop stuk grond naby aan 'n spoorlyn geval.

Vele stories oor die swak ligging van die kampe is oorvertel. Die kamp by Standerton was op die koudste moontlike plek op die dorp opgerig, reg langs die rivier wat gewemel het van die muskiete. Baie ander kampe, soos Irene, Balmoral en Middelburg, was ook op die winderigste en koudste moontlike plekke opgerig. Die Merebank kamp was weer reg bo-op 'n moeras opgerig.

Die Britte het nie vir voldoende wasplek en toilet geriewe beplan vir die vinnig groeiende gaste lys van die kampe nie. Higiëniese omstandighede het vinnig agteruit gegaan en siektes het uitgebreek. Party kampe het geen wasplekke gehad nie en die dames moes soms in reënpoele bad.

Die meeste mense was in wit en kakie tente gehuisves. In die meeste kampe was daar 'n tekort aan tente en 'n aantal families moes saam geleef het, somtyds tot 20 mense in 'n enkele tent. Wanneer mense in die kampe aangekom het, was hulle dikwels in die oopte gelos vir 'n aantal dae, totdat tente vir hulle gevind kon word. Baie kampe het nie genoeg beddens gehad nie en mense moes op die grond geslaap het.

Kos rantsoene was totaal onvoldoende en baie het van honger gesterf. Die Britte het die plan uitgedink om die rantsoene van families, wie se mans steeds geveg het, met die helfte te verminder, met die hoop dat dit hulle sou dwing om oor te gee. Die Britte het al die gesonde beeste geslag om die Britse troepe te voer, en die gevangenis in die kampe was gelaat met die siek en ongesonde vleis. Nadat mense in die Pietersburg kamp gekla het, is die vleis vervang met geblikte soutvleis. 'n Hele aantal gevalle is aangemeld waar gebreekte glas en vishoeke in die geblikte vleis gevind is. Die soort van ding is egter darem nie op 'n groot skaal aangemeld nie. 'n Moontlike verduideliking hiervan is dat die mense terug in Engeland die kos in enkele gevalle gesaboteer het om die verlies van geliefdes te wreek.

Die Britte het een dokter vir elke kamp aangestel. In party kampe moes een dokter na meer as 4,000 mense omsien. Hospitaal geriewe het glad nie bestaan nie. Die families van die Boere wat steeds in die kommando's was, is dikwels laer prioriteit gegee wanneer hulle mediese hulp moes kry. Die hospitale het gou 'n reputasie van doods huise gekry. Medisyne was totaal onvoldoende, en gerugte het somtyds die rondte gedoen dat die medisyne selfs vergiftig was. So het die jong Jacobus Potgieter, wat op tienjarige ouderdom saam met sy moeder en 6 jonger broers en susters in die Pietersburg kamp was, later oorvertel hoe hy met een geleentheid met opset 'n bottel medisyne laat val en gebreek het om te verhoed dat dit aan sy jonger sussie gegee kon word.

Die lys van dorpe waar kampe opgerig was is soos volg:

Transvaal

Balmoral	Barberton
Belfast	Heidelberg
Irene	Johannesburg
Klerksdorp	Krugersdorp
Meintjieskop (Pretoria)	Middelburg
Nylstroom	Pietersburg
Potchefstroom	Standerton
Vereniging	Van der Hoven's Drift (Pretoria)

Vrystaat

Aliwal-Noord	Bethulie
Bloemfontein	Brandfort
Harrismith	Heilbron
Kromellenboog	Kroonstad
Ladybrand	Norvalspont
Orange River	Springfontein
Vredefort	Winburg

Natal

Colenso	De Jagersdrift
Eshowe	Howick
Isipingo	Jacobs
Ladysmith	Mooi River
Merebank (naby Durban)	Pietermaritzburg
Pinetown	Wentworth (Durban)

Kaapkolonie

Oos Londen	Kimberley
Kubusi	Mafikeng
Port Elizabeth	Volkstrust
Vryburg	Uitenhage

Vrede van Vereeniging

Die Britse taktiek het die Boere uiteindelik op hul knieë gedwing. Ten April 1902 het die Suid-afrikaanse magte besluit om onderhandelinge met Brittanje aan die gang te sit om die oorlog te beëindig. Die leiers het by Vereeniging bymekaar gekom, waar die Engelse voorwaardes bespreek is. Op 31 Mei 1902 is die vredesooreenkoms uiteindelik onderteken en die Suid-afrikaanse republieke is onder Britse gesag gedwing.

Soutpansberg kommando

Die Noordelike grens

Die dag voor die uitbreek van oorlog was al die burgers van die Soutpansberg en omliggende gebiede bymekaar geroep en dit is aan hulle duidelik gestel dat sake met die Britse regering sodanig versleg het dat oorlog sou kom tussen die Afrikaner en die Britse. Die burgers het opdrag ontvang om die volgende dag op kommando te gaan.

Die regering van die Suid-afrikaanse Republiek het dit goed geag om 'n kommando van sowat 1,700 man na die noordelike grens te stuur om die Republiek te beskerm teen 'n aanval vanuit hierdie gebied. Generaal F Grobler het die bevel geneem oor hierdie kommando's, wat van die Soutpansberg en Waterberg distrikte afkomstig was.

Generaal Grobler se opdrag was om die hele gebied skoon te maak van enige bedreiging van Britse troepe en alle spoor en telegraaf verbindings tot by Bulawayo te vernietig. Daar was egter nooit ten volle gehoor gegee aan hierdie opdrag nie, en Generaal Grobler het hom slegs bepaal by die verdediging van die grense.

Op die oggend van 12 Oktober 1899 het die eerste skermutseling by die Krokodilrivier plaasgevind. Toe die Boere die Britse kamp vanaf die rantjie op hul perde bestorm, was daar totale verwarring in die Britse kamp. Dit was moeilik om die vyand te sien tussen die ruie bosse, maar die Boere het tot reg in die middel van die vyand se kamp in gestorm. Die vyand het verward op vlug geslaan. Vier Britse soldate is daar gedood en vele meer is gevange geneem. Daar was geen ongevallen aan die Boere se kant. Nadat die Britte gevlug het, het die Boere die perde gebuit wat die vyand agter gelaat het in hul haas om te vlug.

Die Boere het onmiddellik hul sukses opgevolg deur die vluggende vyand te agtervolg. Die Britte het in die rigting van Tuli gevlug, om hul by die groter Britse mag van Kolonel Plummer te voeg. Op pad na Tuli het die vlugtendes by 'n Britse patroolie met 'n ossewa aangesluit. Die Boere het hulle ingehaal en na 'n kort bombardement het die Britte na 'n huis in die nabyheid gevlug. Die Boere het die ossewa, wat met kos gelaai was, gebuit.

Die Boere het die huis waarin die vyand skuiling gesoek het met kanonvuur gestook, totdat dit uitmekaar begin val het, waarop die vyand weer op vlug moes slaan. Aangesien dit toe al reeds laat in die dag was het die Boere besluit om die agtervolging eers die volgende dag voort te sit. Nog nege waens, gelaai met kos en ammunisie, tesame met die muile en osse is gebuit en deur die Boere terug na die laer geneem. Vier Britse soldate was swaar gewond. Geen ongevallen was aan die Boere se kant aangemeld nie.

Al die vyandige troepe in die omgewing het gedurende die nag na Tuli gevlug. Die Boere se spioene het die volgende dag die gebied deeglik gefynkam, maar kon geen vyandelike troepe in die gebied vind nie.

Die Soutpansberg kommando het die Britse magte aan die grens tot by Tuli terug gedryf, waar die Britte, onder die bevel van Kolonel Plummer onverhinderd gebly het.

Toe die onmiddellike gevaar van 'n aanval uit hierdie gebied afgeweer is, is die Soutpansberg kommando in drie verdeel. Generaal Grobler het die bevel behou oor 'n klein groepie wat agter gebly het om die grens te beskerm. Die ander het per trein na die Suide gereis waar 'n groot deel van die Soutpansberg kommando by Cronje aangesluit het naby Kimberley, terwyl die res na Natal gegaan het om aan die gevegte daar deel te neem.

Diegene wat aan die Noordgrens agtergebly het, het vir bykans 'n jaar byna glad nie aktief aan die oorlog deelgeneem nie.

Modderrivier tot Paardeberg

Die Soutpansberg burgers het net betyds in die Kaap Kolonie aangekom om deel te neem aan die Slag van Modderrivier op 28 November 1899. Daar het die Suid Afrikaanse magte die eerste van 'n reeks groot oorwinnings oor die Britse magte behaal. Die Soutpansberg burgers het posisies ingeneem saam met Cronje se manne in die loopgrawe op die suidelike banke van die Rietrivier. Hulle het die strook tussen Bosmansdrif en die plek waar die Rietrivier en die Modderrivier ontmoet het gedek. De la Rey het met ongeveer 800 Transvalers aan hulle regterkant, by die spooroorgang gelê. Sommige burgers het aan hulle linkerkant in die lang gras tussen die Rietrivier en die Modderrivier stelling ingeneem om die oorgang by Bosmansdrif te dek. Generaal Prinsloo en die burgers van die Oranje-Vrystaat het die gebied aan die westekant van De la Rey se manne gedek, vanaf die brug, tot by Rosmeadsdrif. Die perde was agter die manne in die skuiling wat die styl rivier banke verskaf het versteek. 'n Paar kanonne is agter die manne geplaas, aan die noordekant van die Rietrivier. Die res van die kanonne was langs die spoorlyn geplaas, om die oop gebied voor De la Rey te dek.

Vroeg die oggend van 28 November het die eerste skote geklap. Aanvanklik het die Boere die oorhand gehad deur die Britte teen die grond vas te pen, maar later in die dag het die Britte daarin geslaag om by Bosmansdrif deur te breek. Na sonder het Generaal De la Rey opdrag gegee om terug te trek na die Magersfontein heuwels.

Nadat die Britte weer terug getrek het om kragte bymekaar te maak, het die Boere hul ingegrawe by Magersfontein. Gedurende die veldslag wat daar plaasgevind het op 11 Desember 1899, het die Soutpansberg kommando hul posisie baie dapper verdedig. Die hoof mag van ongeveer 2,500 man was in die loopgrawe, wat vanaf Mertonhalte vir ongeveer drie myl na oos, al langs die suidelike voet van die Magersfontein koppies, tot by 'n lae heuwel, gegrawe was. Die Boere was goed versteek in die loopgrawe. Die loopgrawe was tussen 60 en 200 tree voor die rif en een en 'n halwe tree tot twee tree diep. Daar was klein forte, wat goed gekamoefleer was, al langs die loopgrawe gebou, vanwaar die Boere kon vuur op die vyand in enige plek in die hele gebied voor hulle. 'n Deel van die Soutpansberg kommando het in 'n posisie byna teenaan die spoorlyn gelê. Dit was die plek waar Cronje verwag het dat die vyand sou probeer om deur te breek.

Die res van die Soutpansberg kommando was saam met die Klerksdorp en Potchefstroom kommando's, met die hulp van 'n klompie Vrystaters, op die regter vleuel, sowat 25 myl noord van die Modderrivier stasie en 3 myl vanaf die spoorlyn. Hulle lyne het in 'n noordwestelike rigting gelê, met slegs 'n paar loopgrawe en klein

skanse. Daar was ongeveer 1,500 man op hierdie vleuel, onder die bevel van Generaal Andries Cronje, die broer van Generaal Piet Cronje.

Op 10 Desember het die Britte die Soutpansberg kommando met kanonvuur gestook, sonder om enigiemand te wond of te dood. Al die Boere het dapper in hul skuilings gebly en op die Britte gewag. Die volgende oggend het die Britte nog in die stik donker na Kimberley begin op marsjeer, reg in die lokval in wat die Boere aan hul gestel het. Wat daarop gevolg het, is reeds in menigte boeke as 'n geskiedkundige oorwinning vir die Boere beskryf.

Ongeveer om twaalf uur die middag het Cronje aan die Soutpansberg kommando opdrag gegee om aan die linkervleuel, waar die Britte byna deurgebreek het, hulp te gaan verleen. Hulle het tot die linkervleuel se hulp gehaas en die vyand bestorm. Die aanval was so effektief dat die vyand onmiddellik omgedraai en gevlug het. 'n Grootskaalse terugval het onder die vyand begin. Hierdie dapper aanval het die weegskaal sodanig in die Boere se guns geswaai dat die uiteindelijke oorwinning baie groot sou wees.

Na die slag van Magersfontein het die Britte by Modderrivier op versterkings gewag, voordat hulle weer hul opmars voort gesit het. Die Soutpansberg kommando het die posisie by Scholsnek verdedig, maar die Britse mag van ongeveer 40,000 troepe was te veel vir die Suid Afrikaanse magte gewees en Generaal Cronje was teen 15 Februarie 1900 genoodsaak om opdrag aan die Boere te gee om terug te trek.

Die Britte het die vlugtende Boere agterna gesit en op 18 Februarie by Paardeberg vasgekeer. Daar is baie lede van die Soutpansberg kommando as krygsgevangenes geneem en na St. Helena gestuur. Diegene wat ontsnap het, het vir 'n kort tyd na Soutpansberg terug gekeer, voordat hulle weer by die gevegte in Natal gaan aansluit het.

Die stryd in Natal

Terwyl 'n gedeelte van die Soutpansberg kommando aan die gevegte by Modderrivier en Magersfontein deelgeneem het, het die res van die Soutpansberg kommando in Natal geveg. Op 13 Desember 1899 is die Soutpansberg kommando saam met die Boksburg kommando na Boskop gestuur. By die aanskoue van die groot Britse mag het hulle egter terug geval en Boskop opgegee. Die Soutpansberg kommando het daarna baie dapper geveg in die Slag van Colenso op 15 Desember, waar die Britse mag 'n groot knou toegedien is.

Net soos wat die geval was by Kimberley, was die Britse magte in Natal ook te groot vir die Suid Afrikaanse magte en moes hulle eweneens uiteindelik terugval. Na die val van Bloemfontein en Pretoria, het die Soutpansberg kommando terug getrek en hulle by die magte in Warmbad aangesluit.

Generaal Christiaan Beyers en die stryd in die Noorde

Generaal Christiaan Frederik Beyers het in September 1900 die bevel geneem oor die hele gebied noord van die Pienaarsrivier. Hier was die burgers afgesny van enige kontak met die res van die Boeremagte. Die Soutpansberg kommando was besig om uitmekaar te val toe Generaal Beyers deur die regering daarheen gestuur. 'n Groot aantal was reeds in Paardeberg gevangene geneem, terwyl vele aan die noordgrens

byna glad nie aan die gevegte deelgeneem het nie. Ná Generaal Beyers se verskyning op die toneel was daar egter gou wesenlike verbetering te bespeur.

Beyers het aan die burgers gewys dat hy 'n baie dapper man en ook 'n uitstekende leier was. Alhoewel hy nooit amptelike opleiding in die krygskuns ontvang het nie, het hy verstaan hoe om 'n aanval te lei en hoe om die beste gebruik te maak van die omgewing. Op 26 September 1900 het hy die burgers aangespoor tot nuwe hoogtes deur die voorbeeld op die slagveld te stel gedurende 'n aanval op die Britse kamp by Pienaarsrivier.

Die Boere het in Warmbad weerstand teen die vyand gebied en hulle vir maande terug gehou. Uiteindelik het Paget in November na Pienaarsrivier terug getrek om kragte te herwin. Die Boere het Warmbad, in die Waterberg distrik, behou as voorste gevegsfront.

Paget het sy tweede veldtog na die noorde op 29 Maart 1901 begin. Hierdie keer het hy 'n weermag van 'n redelike sterkte gehad. Die Boere het nie veel weerstand gebied nie toe Paget die opmars van 170 myl vanaf die Pienaarsrivier na Pietersburg begin het en op 8 april het Paget Pietersburg ingeval.

Op pad na Pietersburg het die Britte alles wat hulle hul hande op kon lê na Pretoria terug gevat. Vroue en Kinders was na die konsentrasiekampe geneem en beeste was na Pretoria geneem om aan die Britse weermag kos te verskaf. Alles wat hulle nie op die treinwaens kon laai nie was dood gemaak of afgebrand. Huise, plase en landerye was alles verwoes.

Colenbrander en Plummer is toe in beheer gelaat van die operasie om die res van die Noord Transvaalse platteland op te ruim. Plummer het die lengte van die Olifantsrivier beset om te keer dat die Transvaalse regering na die noorde kon ontsnap. Die Soutpansberg gebied was 'n groot uitgestrekte gebied, onvriendelik en onbekend aan die Britte. Hulle magte was te min om die hele gebied te dek. Om sake vir hulle makliker te maak het hulle toe die swart stamme in die Noord Transvaal bewapen.

Toe die Britte Pietersburg ingeval en geplunder het, het hulle die vroue en kinders na 'n konsentrasiekamp geneem. Die Boere was te min om die sterk Britse mag te keer. By aanskoue van die oorweldigende Britse mag het baie burgers hul eie kommando's verrai en na de vyand oorgeloop.

Op 30 April 1901 het die Britte by Heanertsburg met die Boere slaags geraak, waarna die Boere na Wolkberg uitgewyk het om dáár hul basis op te rig.

Die Soutpansberg kommando het baie dapper geveg in baie moeilike omstandighede. Die gebied was baie groot om te verdedig en die mag het aanvanklik uit nie meer as 400 burgers bestaan nie. Met die verloop van tyd is baie gevangene geneem, terwyl baie ander moeg vir die gevegte geraak het en na die Britte oorgeloop het. Teen Mei 1902 was daar nog maar slegs ongeveer 60 burgers in die kommando oor.

Maar net 'n klein groepie van die kommando het perde gehad. Weens die perdesiekte wat daardie tyd van die jaar baie straf geheers het, moes meer as die helfte van die burgers te voet gaan.

Die oorlogstaktiek wat die Britte in hierdie gedeelte aan die dag sou lê het ook baie kritiek uitgebring. Om hul getalle aan te vul, het die Britte baie gebruik gemaak van die plaaslike swart bevolking en van Boere wat oorgeloop het. Die sogenaamde National Scouts, wat bestaan het uit joiners, het aan die burgers probleme veroorsaak, aangesien hulle die gebied goed geken het. Die verskroeiende aarde beleid en die wegvoering van die vroue na die konsentrasiekamp het die Boere ook sonder enige kos en skuiling gelaat. Dikwels het die Britse magte Boere summier doodgeskiet nadat hulle in 'n geveg oorgegee het, aangesien hulle sou reken dat dit te veel moeite sou wees om krygsgevangenes in bewaring te neem. Die Britte het die nie vegtende plaaslike swart bevolking ook van gewere voorsien en hulle opdrag gegee om die plase te plunder en die mense te verdryf.

Al hierdie probleme het egter net die handjievul burgers wat oorgebly het des te meer vasberade gemaak

Tussen April 1901 en September 1901 is die gevegte hoofsaaklik suid van Pietersburg gevoer. Die meeste van die tyd het die Britte die oorhand gehad aangesien hulle te veel in getalle was vir die handjievul Boere. Beyers het egter wel sommige suksesse behaal, soos byvoorbeeld die keer toe hy die trein tussen Potgietersrus en Naboomspruit met dinamiet laat ontspoor het en op 'n geleentheid wat hy daarin geslaag het om ongeveer 700 beeste by die vyand naby Warmbad te buit.

In September 1901 het Beyers na Malipspoort terug geval, vanwaar hy die res van die oorlog sy aanvalle geloods het. Die Boere het 'n groot terugslag beleef toe Veldkornet Tom Kelly na die Laeveld moes vlug. Beyers het met 200 berede man tot Kelly se hulp gegaan, maar Kelly het toe al reeds oor die Portugese grens gevlug en hom aan die Portugese oorgegee.

In Januarie 1902 het 'n handjievul dapper Boere uit die Britte se aanhouding ontsnap en hulle by Beyers se kommando gevoeg. Dieselfde maand het Beyers met 40 manne die konsentrasiekamp in Pietersburg bestorm en sowat 150 man bevry. Baie van hierdie mans het egter weer na die Britte oorgeloop en die vyand gewaarsku teen Beyers se planne. Dit het veroorsaak dat Beyers se aanval op Pietersburg die volgende oggend misluk het.

Nadat Beyers 'n suksesvolle reis na die Laeveld uitgevoer het om hul kos aan te vul, het hy in Maart 'n beleg op Fort Hendrina gedoen. Die Britte het egter daarin geslaag om Beyers se manne te verdryf. Die Britte het die vlugtende kommando agterna gesit en 'n hele paar skermutselinge het plaasgevind. Die kommando het tot in die Wolkberg gevlug, waar hulle die Britte goed terug gedryf het.

By sy terugkeer na Malipspoort het Beyers die boodskap ontvang dat hy na Vereeniging moes gaan om aan die vredesonderhandeling deel te neem. Gedurende sy afwesigheid van die kommando het die Britte daarin geslaag om die oorblywende Boere by Malipspoort te omsingel. Die gevegte het daar vir 'n tyd voortgeduur, maar op 10 Mei 1902 is die laaste 61 burgers van die Soutpansberg kommando gevange

geneem. Hierdie burgers is na die Umbilo krygsgevangenekamp in Durban geneem, waar hulle gehou was totdat hulle ná die vrede van Vereeniging weer vrygelaat is.

Pietersburg konsentrasiekamp

Oprigting

Kort nadat Plummer in April 1901 in Pietersburg aangekom het, is die Pietersburg konsentrasiekamp opgerig. Die kamp is op 11 Mei amptelik geopen. Die eerste sewe sterfgevallen is ook reeds in Mei aangemeld. Hierdie kamp moes vir die hele Soutpansberg distrik nod van Marabastad dien. Persone suid van Marabastad is na die Nylstroom kamp gestuur.

Nie al die mense wat in die Pietersburg konsentrasiekamp aangehou was het almal van hierdie omgewing gekom nie. Heelwat mense van Pretoria en ander plekke in die Transvaal is in die kamp opgeneem. Daar is self 'n persoon wat van so ver as die Kaapkolonie kom in die sterftelys aangeteken. Dit is waarskynlik dat hierdie persone na die Noorde gevlug het en hier deur die Britte vasgekeer en gevange geneem is. Baie van die Soutpansberg distrik se mense is ook weer na Irene naby Pretoria gestuur.

Inbring van vroue en kinders

Oor die inbring van die vroue en kinders na die kamp word van die droewigste verhale van die oorlog vertel. Plummer het die plaaslike swart bevolking met wapens voorsien en hulle opdrag gegee om so veel mense as moontlik bymekaar te maak in na die kamp te bring.

Hierdie mense het met 'n vrye hand die weerlose vrouens en kinders op die plase aangeval, gemoor en geplunder. In enkele gevalle het Generaal Beyers van die mans na die plase gestuur om die vroue te beskerm, maar die oormag swartes het hierdie mans gedwing om uiteindelik aan die Britte oor te gee en om beskerming vir hul families teen die aanvalle te vra.

Waar daar nie mans was om die families te beskerm nie, is die plase afgebrand en die vroue moes met hul kinders, sonder klere en komberse die veld in vlug. Gevalle is aangemeld waar die mense rondgestamp was en met assegaai in die bors gesteek is. Self gevalle van verkragting van die vroue is aangemeld. In een geval word vertel hoe dat die vroue, kinders en siekes vir nege dae deur die swartes aangehou is voordat hulle op waens gelaai is. Hulle was eers vir 'n tyd deur die Laeveld gevoer, voordat hulle uiteindelik na Pietersburg geneem is. Ander vroue het vertel hoe hulle per voet na Pietersburg moes vlug om vir beskerming teen die aanvalle by die Britte te vra.

Die wreedste verhale van die Britse optrede is ook van alle ander dele in die land vertel. In een geval is 'n jong vrou wat skaars 24 uur gelede geboorte aan 'n baba geskenk het, met geweld uit die huis gejaag voordat die Britte die huis afgebrand het. Die Britse soldate het selfs die kombers wat haar moeder om haar wou draai om haar teen die koue te beskerm ru by haar afgeneem.

Toestande in die kamp

Die eerste 113 mense wat aan die begin van Mei 1901 ingebring was, was eers in dorpshuise gehuisves. Na ongeveer een maand is hulle verskuif na die kamp teen 'n sanderige bult, tussen die spoorlyn wat van Pietersburg na Pretoria loop, die

Sterklooprivier en die hoofpad na Potgietersrus. Die kamp, met 300 tente, was met doringdraad omring. Wagte het 'n aantal blokhuse rondom die kamp beman om te verseker dat niemand maklik kon ontsnap nie.

Een groot tent was as hospitaal gebruik, nog 'n tent was as stoorplek ingerig en een tent het as administratiewe kantoor diens gedoen. Later is nog vier groot tente as hospitale ingerig om die geweldige hoë aantal siekes te versorg. Daar was in totaal slegs 28 beddens in die hospitaal.

Een groot tent is ook as skool en kerk gebruik. Daar was op 'n tyd meer as 600 leerlinge met slegs 2 gekwalifiseerde onderwysers. Tien kampinwoners het ook bygestaan met die onderrig, wat alles in Engels plaasgevind het.

In elke tent het van 4 tot 6 families gewoon. Die tente was oud en stukkend en het weinig beskutting verleen teen die koue wintermaande. Die meeste mense het die geleentheid gehad om komberse en skoon klere bymekaar te maak toe hulle na die kampe gebring is nie. Die mense het dus erg gely.

Die lewe in die konsentrasiekamp was vol smart. Jacobus Potgieter het na die oorlog sy herinneringe van die dae in die kamp soos volg beskryf: *“Ek onthou die smartlike dae, die dae van trane en die dae van geweën. Ja, geen enkele dag – o ja, selfs byna geen enkele uur van 'n enkele dag – gaan verby sonder dat jy die geweën en geklaag hoor en ook die gebede van die dierbare moeders, broers en susters wanneer die kinders na die lyktent gedra word, terwyl andere met 'n eselwa na die graf aangery word.”*

Die mense het aan vele siektes gely. Elke tent waar jy ingeloer het kon jy siek mense sien lê. Selfs volwassenes het gesterf van die masels. Die mense was magteloos. Al wat hulle kon doen was om te bid. Elke dag en nag het die mense tot die Here gebid om hul kinders te spaar.

Behalwe vir die tyd wat die mense gerou het, was daar baie min gewees om die mense in die kamp besig te hou. Die Boere wat die Britte goedgesind was toesig oor die kamp gehou het. Hulle het die vroue beveel om heel dag te werk. Die vroue moes die tente skoonmaak, om die tente uitvee en bossies rondom die tente in in die strate tussen die tente skoffel. Om die reënwater te keer het die vroue slote om die tente gegrawe. Die vroue wat geweier het om te werk is by die kantoor aangekla en dan na kampe buite die Transvaal weggestuur.

Die mans wat as krygsgevangenes aangehou was moes die harder hande arbeid verrig het. So het Jacobus Potgieter vertel hoe hy elke dag die dooies begrawe het. Hy het elke dag na die lyktent gegaan om die name van die dooies op te neem. Die name het hy op 'n stukkie papier geskryf en dit voor op die bors van die lyk met 'n speld vasgesteek. Daarna het hy die name in sy sakboek geskryf en die lengte en breedte van die lyke geneem en vir elke lyk 'n graf gegrawe volgens sy grote. Dan het hy die naam van die lyk op 'n stukkie papier geskryf en dit in die oop graf gegooi. Wanneer die lyke by die kerkhof aangekom het, het hy elke lyk in die graf geplaas.

Die rantsoene wat in die begin maande in die kamp voorsien was, was skokkend. Die vleis was baie maer en besmet met siektes. Die beesvleis was besmet met vuursiekte

en die skaapvleis besmet met hartswater. Nadat die mense gekla het is die siek beeste en skape dood gemaak en begrawe. Die mense het daarna geblikte vleis gekry. Die mense het geen vars groente gekry nie.

Aan die begin was daar geen water in die kamp voorsien nie. Mevrouw J.J. Coetzee het vertel hoe die vroue water in die Sandrivier moes gaan skep en oor die treinspoor dra. Eendag het 'n trein 'n jong meisie wat water gedra het dood getrap. Later het die Britte water voorsien met waens.

Vuurmaakhoud was eweneens 'n groot probleem gewees. Mevrouw Coetzee het vertel hoe eke tent slegs 2 stukke steenkool per dag gekry het om kos mee gaar te maak. Daar was geen hout of steenkool beskikbaar vir verhitting nie. Elke dag het daar waens uitgegaan om hout te gaan haal. Die mense wat die hout gaan haal het kon die een helfte van die hout vir hul self hou, terwyl die ander helfte aan die ander mense in die kamp uitgedeel is. Hierdie waens het ook 'n geleentheid geskep aan die burgers om te ontsnap.

Verskuiwing van die kamp

In Januarie 1902 het 'n groep van sewe mans 'n geleentheid waargeneem om te ontsnap. Hulle het een oggend saam met die waens gegaan wat hout gaan haal het. Hierdie sewe mans was: die twee broers Jacobus Johannes Potgieter (Kotie) en Christiaan Johan Potgieter (Krisjan), AJ Van Jaarsveld (Oom Albert), SJ de Beer (Sagrys), JH Venter (Jan), C Harmse (Stoffel) en W van der Gijft (Willie).

In sy navorsingstuk meld SJ Lee dat hierdie mans aan Generaal Beyers die berig gegee het om die kamp aan te val en die ander burgers ook te bevry. Dit is egter nie waar nie, aangesien die sewe mans die konsentrasiekamp op 18 Januarie verlaat en op 24 Januarie eers by die kommando op Malipspoort aangesluit. Generaal Beyers het vroeg in Januarie sy vesting in Malipspoort verlaat om kos en voorraad te gaan soek. Sy reis na Warmbad en Nylstroom het niks opgelewer nie en hy en veertig burgers het toe, op pad terug na sy wegkruipplek, die konsentrasiekamp by Pietersburg op 23 Januarie aangeval.

Beyers het 150 man uit die Britse kamp bevry, nadat hy vir kampsuperintendent Tucker en die Britse personeel vir 'n nag aangehou het. Die volgende dag het hy 'n aanval op Pietersburg probeer, maar dit het skipbreuk gelei aangesien 'n paar manne hulle verraai het en die Britte gewaarsky het.


Generaal Beyers se aanval het die Britte laat besef dat die kamp nie behoorlik beskerm kon word nie en die aangehoudenenes is eers na Colenso en daarna na Pinetown verskuif.

Die vroue van die mans wat ontsnap het is na die Merebank konsentrasiekamp in Durban geneem. Die vrouens is met hul kinders in stinkende perdewaens gelaai. Die reis na Merebank het 7 dae geduur. Die kinders het baie siek geword in die voortdurende reën. Hulle rantsoene is toe met die helfte verminder.

Bevolkings getalle in die kamp

Volgens die opnames wat die Britte gemaak het, het die kamp se bevolkingsgetal in Augustus 1901 3,713 bereik. Getalle word aangegee slegs tot Januarie 1902, waarna die kamp verskuif is. Aangesien enkele sterfgevälle egter nog steeds in Februarie aangeteken is, word aangeneem dat die kamp eers vroeg in daardie maand ten volle ontruim was.

Bevolkings getalle in die Pietersburg konsentrasiekamp




Na die sluiting van die vredesverdrag van 31 Mei 1902 is die kamp weereens in gebruik geneem om burgers wat vanaf die krygsgevangenekampe en ander konsentrasiekampe na hul huise terug gekeer het te huisves. Daar is egter geen amptelike syfers bekend oor die bevolkingsgetalle gedurende hierdie tydperk nie.

Sterftes in die kamp

Die hoogste getal sterftes wat in een maand voorgekom het was 197 in Augustus, indien die datums in die naamlys getel word. Die Britse bronne dui 184 sterfgevälle

Sterftes in die Pietersburg konsentrasiekamp



vir hierdie maand aan. Die verskil in die getalle aangedui is toeskryfbaar aan die aantal grafte wat nie in die Britse rekords aangeteken is nie, soos verduidelik in die afdeling oor onaangetekende grafte hieronder.

'n Ontleding van die sterftelys dui ook dat kinders onder 16 ongeveer 80% van die sterftes uitmaak, terwyl vrouens bo 16 meer as 10% van die sterftes uitmaak. Die kindersterftekoers van die Pietersburg konsentrasiekamp in September was deur Emily Hobhouse aangedui as 1,212 per duisend per jaar, wat abnormaal hoog was. Hierdie syfer is byna vier keer so hoog as die syfer van 326 sterftes per duisend per jaar, wat deur Hobhouse aangedui was as die gemiddeld vir al die kampe in die Transvaal. Indien die sterftes teen hierdie koers aangehou het, sou die hele bevolkingsgetal in minder as tien maande uitgewis gewees het. Jacobus Potgieter meld dat hy tot sestien of sewentien kiste op een dag moes begrawe.

‘n Totaal van 49 persone se adres word aangedui as “Burgerskamp, Pietersburg”, wat daarop aandui dat hulle in die konsentrasiekamp gebore is en daar gesterf het. 3 Van hierdie persone se ouderdom, soos op die lys gemeld, dui egter daarop dat hulle gebore is voordat die kamp gestig is. Daar was wél predikers en teologiese studente in die kamp, wat kinders gedoop het. Vyftien persone is begrawe sonder dat hulle gedoop was.

Die naamlys van sterftes

Die naamlys van sterfgevallen in die Pietersburg konsentrasiekamp wat hierby ingesluit is, is opgestel van verskeie bronne. Gedurende die oorlog het die Britte die sogenaamde “blouboek” opgestel waarin alle statistieke in verband met die konsentrasiekampe aangeteken was. Ná die oorlog het die Assistent Plaaslike Magistraat van Pietersburg, A.C. Hatfield hierdie bron gebruik om die naamlys van sterfgevallen op te stel, wat op 16 Desember 1908 uitgegee is met die geleentheid van die onthulling van die gedenkteken op die begraafplaas deur Generaal C.F. Beyers. Datums van afsterwe, soos aangedui op die lys wat hierby ingesluit is, is hoofsaaklik van hierdie bron geneem.

In 1972 het S.J. Lee ‘n opname van die grafstene gedoen. Hy het sekere verskille uitgewys waar die sterfdatums wat op die grafstene voorkom verskil van die datums op die sterftelys. Albei datums word op die aangehegte lys aangedui. Geboortedatums word op die aangehegte lys aangedui slegs waar die datum gevind is op Lee se opname. Die leser kan egter in die meeste gevalle die geboortedatums by benadering bereken deur te verwys na die ouderdom van die persone.

Jacobus Johannes Potgieter was vir ‘n tydperk as krygsgevangene in die konsentrasiekamp aangehou. Gedurende hierdie tydperk het hy die lyke begrawe en al die name in sy dagboek aangeteken. Datums van begrafnis, soos op die aangehegte lys aangedui, is hoofsaaklik vanuit hierdie bron geneem. Daar is gevalle waar die sterfdatum soos aangedui later is as die datum van begrafnis.

Die verklaring vir die verskille tussen die Britse datums en die datums van die ander bronne is moontlik dat die Britte somtyds agter geraak het met die administrasie en sterfte sertifikate is eers na die tyd uitgereik

Die spelling van name en vanne verskil in heelwat gevalle tussen die verskillende bronne hierbo genoem. Waar moontlik is die aangehegte lys met inligting van al hierdie bronne aangevul en spelling van name en vanne gekorrigeer.

Onaangetekende grafte

Verskillende getalle word aangegee vir die totale sterfgetalle in die kamp. Die getal wat die Britte amptelik in hul blouboek aangeteken het is 631, terwyl die naamlys, wat in 1908 deur A.C. Hatfield vergelyk is met die register, 657 name insluit. S.J. Lee het in 1972 ‘n telling van die grafte uitgevoer en tot die slotsom gekom dat die naamlys van 1908 ook nie volledig is nie. Lee se opname dui die name van 5 persone aan wat nie aangeteken is nie, maar hy meld wel dat daar vele ander grafte is wat nie grafstene gehad het nie, en daarom kon hy nie sodanige name insluit nie. Jacobus Johannes Potgieter, wat ‘n opname van grafte vir die tydperk vanaf 1 Augustus tot 11 Oktober 1901 gemaak het, werp effens lig op sommige van hierdie ongemerkte grafte,

en hy dui ook 12 name aan wat nie in die naamlys opgeneem is nie. Die totale naamlys van sterfgetalle in die konsentrasiekamp, soos wat hier aangegee sal word, bevat dus 674 name. Dit is egter moontlik dat daar nog ander name ook kon wees, wat nooit opgeteken is nie.

Toe Lee sy opname van grafte in 1972 gemaak het, het hy een graf gevind waar drie persone waarskynlik reeds voor die amptelike opening van die kamp saam begrawe is. Die grafsteen van hierdie graf het aangedui dat die graf behoort aan Oom Koot Harmse en twee kinders wat op 2 Desember 1899 daar begrawe was.

Hervestiging van die burgers

Nadat die oorlog op 31 Mei 1902 beëindig was, het die Britse regering begin om die gevangnisse van die konsentrasiekampe op hul plase te hervestig. Die Pietersburg konsentrasiekamp is vir hierdie doel weer op 10 Augustus heropen. Die krygsgevangnisse wat vrygelaat is, was ook na die konsentrasiekamp gebring voordat hulle vry gelaat was. Voordat hulle kon gaan, moes hulle egter 'n dokument teken waarin hulle trou sweer aan die Britse ryk: "The bearer, JJ Potgieter has been released from prison of war camp Umbilo on signing that he acknowledge terms of surrender and becomes a British subject."

Daar was onmiddelik begin met die vrylating van die mense. Baie moes egter nog in die kamp agter bly totdat alle prosedures afgehandel kon word. In Desember 1902 was daar nog steeds 194 mense in die kamp. Weeskinders is na die Irene kamp gestuur. Die kamp is uiteindelik op 7 Februarie 1903 finaal gesluit verklaar deur die Britse ryk.

Die kamp ná die oorlog

Na die oorlog het die konsentrasiekampkerkhof die Afrikaners voortdurend herrinner aan die wreedheid van die oorlog. In 1908 is die kerkhof opgeknop en Generaal Beyers het 'n gedenknaald in die kerkhof onthul, waarop die volgende woorde verkyn:

*Ter
Gedachtenis
Aan
De 650 Vrouwen en Kinderen
Gestorven
In het Concentratie Kamp
Van Mei 1901 tot Feb. 1902
Edele Moeders en Dochters*

*Zy riepen niet; Zy klaagden niet;
Zy verduurden; Zy lyden;
Zy kwynden weg als was voor de hitte hunner beproevingen;
Zy stierven, maar met de woorde op
de lippen tot man en zoon en volk.
"Blyft Getrouw"*

*Onthuld door Z.ed Gestr. Genl. Beyers
Op 16 Dec. 1908*

Die kerkhof is in 1938 weer opgeknop en 'n groot plegtigheid is by die kerkhof gehou om saam te val met die ossewatrek. Pietersburg se kultuurraad het daarna die kerkhof gereeld versorg, met die hulp van die Voortrekkers wat die gras geskoffel het. Die grafte is toe met beton versterk en gemerk. Die Pietersburgse Feestekomitee het elke jaar 'n kranslegging in die kerkhof gehou. Die toestand van die kerkhof het egter met tyd baie verswak. In 1956 het Raddslid Deetlefs byvoorbeeld die toestand van die kerkhof as "betreurenswaardig" beskryf. Die verswelging van die kamp deur die stedelike ontwikkeling was "skrikwekkend".

In November 1969 het die Stadsraad besluit om die oorskot van die gestorwenes in die kerkhof op te graawe en in 'n gesamentlike grafkelder by die Suidelike ingang tot Pietersburg te begrawe. Hierdie besluit het gou baie kritiek uitgelok en SJ Lee het die voortou geneem om die herstel en opknapping van die kerkhof te bepleit. In Maart 1972 het Lee sy baie volledige verslag gepubliseer, wat die deurslag gegee het tot die behoud van die kerkhof. In Junie 1973 het die Stadsraad die besluit van 1969 herroep en om die restourasie aan die Suid-afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte oor te dra.

Vir tien jaar het daar egter niks gebeur aangaande die restourasie van die kerkhof nie. SJ Lee het die swak toestand van die kerkhof weereens onder die mense se aandag gebring. Die Historiese Komitee het die restourasie van die kamp met erns aangepak en baie organisasies byeen gebring om verbeterings aan te bring. By die ingang tot die kerkhof is waardige hekke opgerig, behoorlike omheining is aangebring en 'n Gedenkplein is opgerig, waar al die grafstene wat nog bestaande gebly het aangebring is, saam met 'n gedenkplaat met die name van die gestorwenes.

Vandag word die kerkhof onderhou en goed versorg deur die Pietersburg/Polokwane Plaaslike Oorgangsraad.

Ere rol

1. Paul PJ Vorster van Leydsdorp, ouderdom 12 jaar , Sterf 11 May 1901
2. Elizabeth H Marais nee Bekker van Haenertsburg, ouderdom 23 jaar , Sterf 14 May 1901
3. Naam onbekend Marais van Pietersburg, ouderdom 2 dae, Sterf 15 May 1901
4. Erasmus Vorster van Leydsdorp, ouderdom 5 maande , Sterf 22 May 1901
5. Frans J Haman van Grootplaats, Spelonken, ouderdom 64 jaar , Sterf 22 May 1901
6. Salome M Van Staden van Pienaarsnek, Straaipoot, ouderdom 1 jaar 8 maande , Sterf 25 May 1901
7. Anna S Muller van Louis Trichardt, ouderdom 2 jaar , Sterf 29 May 1901
8. Catrina W Alberts nee Venter van Welgevonden, Houtbosch, ouderdom 28 jaar , Sterf 04 Jun 1901
9. Maria MP Viviers van Zoekmekaar, Spelonken, ouderdom 4 maande , Sterf 06 Jun 1901
10. Petronella CA Els van Louis Trichardt, ouderdom 2 jaar 7 maande , Sterf 06 Jun 1901
11. David E Combrink van Mahelaskop, Spelonken, ouderdom 23 jaar , Sterf 08 Jun 1901
12. Anna J Eloff van Louis Trichardt, ouderdom 7 jaar 6 maande , Sterf 08 Jun 1901
13. Naam onbekend Dohl van Mara, ouderdom 2 maande , Sterf 08 Jun 1901
14. George RF Moolman van Kareebos, Rhenosterpoort, ouderdom 13 jaar 6 maande , Sterf 09 Jun 1901
15. Caterina EF Bosch nee Moolman van Kareebos, Rhenosterpoort, ouderdom 36 jaar , Sterf 09 Jun 1901
16. Anna ME Oosthuizen van Zandfontein, Matala, ouderdom 17 dae, Sterf 10 Jun 1901
17. Cornelia F De Beer nee Coetzee van Zandfontein, Pretoria, ouderdom 28 jaar , Sterf 11 Jun 1901
18. Gerhardus P Pretorius van Louis Trichardt, ouderdom 13 jaar , Sterf 12 Jun 1901
19. Philippus C Potgieter van Rooipoort, Marabastad, ouderdom 1 jaar , Sterf 12 Jun 1901
20. Naam onbekend Van Der Berg van Louis Trichardt, ouderdom 2 dae, Sterf 12 Jun 1901
21. Johanna S Macdonald van Vrischgewaagd, Houtbosch, ouderdom 3 maande , Sterf 13 Jun 1901
22. Beatrice Badenhorst van Wegraakbosch, Haenertsburg, ouderdom 3 jaar 6 maande , Sterf 13 Jun 1901
23. Davis HJ Roux van Louis Trichardt, ouderdom 64 jaar , Sterf 14 Jun 1901
24. Leonard J Grobbelaar van Burgerskamp, Pietersburg, ouderdom 8 dae, Sterf 14 Jun 1901
25. Annie Opperman nee Nel van Zandfontein, Louis Trichardt, ouderdom 23 jaar , Sterf 15 Jun 1901
26. Stephanus J Combrink van Machelaskop, Spelonken, ouderdom 25 jaar , Sterf 15 Jun 1901
27. Wilhelmina P De Bruin nee Vorster van Kalkbank, Malitiesland, ouderdom 22 jaar , Sterf 16 Jun 1901
28. Aletta S Olivier van Middagzon, Spelonken, ouderdom 4 jaar , Sterf 16 Jun 1901
29. Gert A Oelofse van Rooigrond, Spelonken, ouderdom 44 jaar , Sterf 17 Jun 1901
30. Francina S Botha van Louis Trichardt, ouderdom 18 jaar , Sterf 18 Jun 1901
